# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 Desember 1997 Vol. 34


# DIE GEKRUISIGDE JUDAS
## Wat kom van postmodernisme

'n Skilder het eenkeer die kruisiging van Jesus probeer uitbeeld. Maar in plaas van Jesus het hy Judas aan die kruis geskilder. Toe hy daaroor uitgevra is, was sy antwoord dat Judas die slagoffer was. Hy moes ook sy lewe opoffer sodat Jesus die Verlosser, wat aan die kruis sou sterf, kon wees . So het God die mens nodig om God te wees. Postmodernisme (verder pm) weier om enige definisie te aanvaar. Maar as mens 'n beeld moet gebruik om postmodernisme mee aan te dui, is die gekruisigde Judas goed genoeg.

### Die mens as god

Hoe kom mens daarby uit om Judas as slagoffer te sien? Jy verwerp alle grense. Die redenasie loop so: daar is geen skeidslyn meer tussen reg en verkeerd nie. Niemand mag vir iemand anders voorskryf wat om te doen of te glo of te haat nie. As Christus as God bely word, dan kan mens postmodernisties oor die grens gaan en sê dat Judas ook goddelik is, aangesien alle mense gelyk is. Almal se waarde is ewe veel werd. Almal het die reg om kant te kies tussen Judas en Jesus. Die diepste wortel van die postmodernisme (pm) is die vergoddeliking van die mens - 'n god met kleivoete.

Nie meer word die mens se optrede gemeet aan die heilige wet van God nie (H.K. sondag 3), maar die mens meet homself aan homself - hy is mos 'n god, al is dit onvolmaak. PM ken geen absolutes nie - niks is finaal nie, niks is volkome heilig of heeltemal afskuwelik euwels nie. Hulle laat Paulus buikspreek: Daar is nou geen veroordeling meer vir die wat postmodernisties is nie. Die postmoderne mens het aangeleer om oor alles skepties te wees, om alles met 'n skalkse beterweterige glimlaggie te benader en in alles 'n knippie sout in te werk - ook, en veral oor God.

### Slegs ervaring

Vir die PM bestaan daar nie "die werklikheid" nie - alleen maar elkeen se eie unieke ervaring. Almal se belewing is ewe geldig en ewe waar. (Dink maar hoeveel charismatiese klem deesdae gelê word op godsdiensbelewing asof dit die een en die al is). Daar is egter een realiteit waarmee alle pm met hulle hande in hulle hare sit. Dit is die dood, of eerder soos hulle wil sê: Die Dood. Hulle is skepties oor die feit dat die dood straf op die sonde is, of dat Christus mens kan verlos van die dood - daarvoor verskil die godsdienste se siening en belewenis van die dood darem te veel. En wie sê nou die christene is reg? As almal se waarheid ewe geldig is, moet mens maar die deur oophou vir ander moontlikhede om "Die Dood" te "be-leef".

### Doodsaanbidding

Dit bring die pm uit by 'n vreemde fasinering met die dood. Aangesien God vir hulle dood(gemaak) is deurdat daar te veel godsdienste is wat meeding oor die waarheid, erken hulle uiteindelik net een werklikheid - die doodgaan van jouself. In plaas daarvan dat hulle God erken, dat Hy bestaan en in Christus na die mens 'n reddende hand uitsteek, verkies hulle eerder om taamlik dapper, sonder Christus, die dood, hopelik vreesloos, tegemoet te gaan. Die mees radikale uitmonding van pm is dat "Die Dood" as God gesien word en as sodanig aanbid word. Mens kom dit self in die modewêreld agter dat die dood nie meer gevrees wil word nie, maar verheerlik wil word. Die nuutste mode-neiging word genoem "Death Sjiek" waar klere aangetrek

***In hierdie uitgawe:***


★ Die gekruisigde Judas
Wat kom van postmodernisme?
A.L.A.Buys ........ 1

★ Skrifoordenking:
'n Spreuk oor die kersgebeure
Ds.G.J. Meijer ........ 3

★ Op pad na Sinode 2000
Dr. J.G. Meijer ........ 4

★ Die merktekens v d ware en valse kerke
Prof V.E.d'Assonville ........ 6

word met die dood as speelse tema. Of dit nou heeltemal populêr gaan word moet ons nog sien. Maar so probeer die pm mensekinders hulleself staal om hulle vrees vir God te onderdruk en hulle minagting vir sy heiligheid tot die hoogtepunt te voer: verwerp Christus en omhels die Dood as God.

## Reisigers na nêrens

Pm is dus om aan niks te ernstig te glo nie, terwyl jy jouself op jou eie dood sonder Christus voorberei. Pm is om jouself as slagoffer te sien - as 'n gekruisigde Judas. Niemand is heeltemal reg nie, enige een kan verkeerd wees, volgens die pm ook Jesus Christus wat deur christene as hulle God verkies word. Die pm sien die lewe as 'n kortstondige reis na nêrens, waar die dood alles opslurp, waar jy maar 'n paar kanse het om voor die graf God te probeer wees. Hierin lê die pm stewig in die New Age en oosterse godsdienste geanker.

## Vyande van die mensdom

Geen mens is verantwoordelik vir die ellende in die wêreld nie. Van mense wat sonde doen is daar geen sprake nie. Daar is net abstraksies. Sulke gogga-maak-vir-baba-bang vyande. Ons ken 'n hele paar dinge wat pm uitwys as vyandig teenoor die mensdom naamlik: armoede (en nie arm mense nie), misdaad (en nie misdadigers nie), ongeletterdheid, onverdraagsaamheid ens. Die euwel in die lewe het niks met die mens te doen nie - die mens is die onskuldige slagoffer. Hy is Iskariot op pad na sy Golgota.

## Kerklike implikasies

Wat hou die pm vir die kerke in Afrika in (Pm is immers 'n westerse gedrog). Ons kan die pm op verskillende verkeerde maniere aanpak.

⋆ Eerstens dat ons sy aantreklikheid vir die kerk onderskat. Gereformeerdes wat sensitief is vir die tydsgees sal opmerk dat die evangelie (gereformeerde leer) maar moeilik verteer word deur die pm honger wêreld met sy godsienstige kitsdiëte en melkskommel-teologietjies. Die "harde" gereformeerde leer van die uitverkiesing, erfsonde, skuld van die mens, heiligheid van God, Christus as Verlosser en Regter gaan steeds al hoe moeiliker 'n staanplek in die leefruimte om ons verwerf. Wat moet ons daaraan doen? Wat ons nie moet doen nie is om die evangelie van Christus (aristoteliaans met vorm en inhoud) te gaan verpak in 'n pm pakkie. Wanneer mens die gereformeerde leer wil opmaak totdat dit vir die wêreld verteerbaar geword het, ruk mens die hart van die evangelie uit. Christus is nooit vir Judas aanvaarbaar nie. Ons mag nooit met 'n "gereformeerde perspektief" werk nie. Dit is alreeds pm. Dit is die waarheid van Christus teenoor die leuen van die pm. Die postmoderne mens het nie te vinnig ontwikkel vir God nie, hy het God gaan staan en vergeet. Die gereformeerdes moet die wêreld laat hoor wat hulle juis nie wil hoor nie: God is, en is onskuldig aan ons ellende. Christus is die gekruisigde, en Judas, die mens, is die veragtelike verraaier. Christus is as slag-offer die self offeraar gewees, en Judas die self-moordenaar. Daar is nie 'n klomp waarhede waarvan ons die gereformeerde waarheid op aantreklike wyse aan die mense wil verkoop nie. Ons beding nie vir 'n markaandeel nie.

⋆ Tweedens, kan ons die gevaar van die pm oorskat en die aandag van Christus aftrek. Ons moet versigtig wees om nie van die pm weer 'n nuwe sameswering steorie te maak nie. 'n Nuwe illuminati-mite uitdink wat met seekat arms in ons kerke insink nie. Dit is fabels wat tyd mors. Die pm is 'n windeier. Die mens is gemaak om in God die Skepper te glo (Gen 1:27) toe hy na die beeld van God geskape is. Die mensdom sal nie lank kan uithou met pm nie. Dit is nie die cresendo nie. Dis soos 'n mens wat besluit het om op te hou asem haal en probeer om normaal voort te leef. Pm is 'n asemophou. Snakkend spoedig sal die mensdom diep teue na suurstof snak. Hulle sal na hulle dodedans weer iewers hoop soek vir hulle dooie lewens. Hulle sal vastheid soek - waar hulle dit ookal mag kry.

## Postmodernisme slegs 'n fase

En dit is waar die kerk 'n geleentheid deur sy vingers kan laat glip. Ons moet nie saam met die wêreld probeer asem ophou nie, die God so "vermenslik" dat ons skaam is om oor die heilige God te praat nie. Die praatjies oor hulle ellende so oorkoop dat ons vergeet om Christus te verkondig nie. Christus is nie ons produk om te bemark nie. Ons is sy eiendom. Ons moet weet die pm is 'n fase. Die vraag is: wat kom daarna?

## Post postmodernisme?

Dit lyk moontlik dat nuwe vorme van fundamentalisme die opvolger kan wees. Sektes sal groei, die Roomse Kerk sal toeneem, daar sal ook 'n sterk groei in die fundamentalistiese Islam wees - want almal bied 'n fundamentele antwoord. Almal bied 'n nuwe skynbare vastigheid na die asemophou.

Dis hier waar die kerke gereed moet staan. Ons moet by die evangelie bly. Ons moet gereedmaak om intensief Christus as die asem van die lewe te verkondig. Dit beteken dat ons nou onpopulêr en uit die mode sal wees. Maar die post-modernis sal kruipend terug kom, pleitend vir 'n antwoord.

## Asemophou in medelye

Laat ons nie skuldig wees dat die wêreld vir ons sê: julle het gesien dat ons sterwend is, en julle het ons meegehelp deur julle medelye aan ons te betoon deur julle lewensasem op te hou saam met ons. Dit is nie naasteliefde om selfmoord te pleeg nie. Die kerk moet weer vrylik begin asem haal. Ons moet ophou om te vra of die postmoderne mense "ons kerklike boodskap" sal verstaan en volg. Hou op om mense meer te eer as God in die kerk. Goeie kommunikasie het met Christus te doen, nie met vertonings en evangeliese verkoopstruuks nie.

## Jesus of Judas

Is ons gereed om die asem met die wêreld te deel? Die kerk sal dit net regkry as ons minder op wêreldse antwoorde konsentreer en meer op die goddelike Woord, minder selfgesentreerd en meer Christosentries leef. Die Woord van God is die antwoord vir die postmoderne mens. Sou die engele hulle asem ophou as hulle sien dat die kerk postmodernisties die Woord versmoor om die mens se grille ter wille te wees? Weg met kontekstuele teologie. Met wie is ons besig? Judas of Christus? Judas soek 'n antwoord, maar Christus, die gekruisigde, is die Woord, en daarom is Hy aan Judas 'n vermanende antwoord. Ons het God nodig om mens te wees. Waarmee wil ons in die gerefomeerde kerke besig wees: Met die Woord Jesus Christus of met Judas die postmodernistiese antwoord - met suurstof of stik-stof?

A.L.A. Buys.

* * *

## SKRIFOORDENKING
## 'n Spreuk oor die Kersgebeure

"Die koning se hart is in die hand van die HERE; soos waterstrome lei Hy dit heen waar Hy wil." Spreuke 21:1

Die woordjie "gebeur" loop soos 'n goue draad deur die kersevangelie volgens die beskrywing van Lukas. "En in daardie dae het dit gebeur dat daar 'n bevel uitgegaan het van keiser Augustus" (Luk 2:1). "...hierdie eerste onskrywing het gebeur toe Cirenius goewerneur van Sirië was" (Luk 2:2). "Dit het gebeur terwyl hulle daar was, dat die dae vervul is dat sy moes baar" (Luk 2:6). "Gebeur" staan in direkte verband met "gebore" word. Lukas gee 'n duidelike beskrywing van die omstandighede wat geheers het toe die tyd vol geword het en Christus gebore is. Hy laat die klem op drie persone val wat elkeen hulle stempel op die destydse samelewing afgedruk het.

### Herodus die Edomiet

Allereers kom koning Herodus in die prentjie. "In daardie dae" (Luk 2:1) verwys terug na hoofstuk 1:5. Dit is die dae toe Herodus koning van Judea was. Herodus regeer met 'n ysterhand. Hy is 'n Edomiet, 'n afstammeling van Esau. 'n Koning uit die geslag van Esau regeer oor die huis van Jakob. Die Edomitiese koning Herodes word deur Satan in diens geneem om die pasgebore Verlosser om die lewe te bring. Matteus 2 vertel hoe Herodes alle seuntjies in Betlehem onder die ouderdom van twee jaar koelbloedig laat vermoor. Satan slaan onverbiddelik hard. Die slang byt na die hakskeen van die vrouesaad.

### Augustus die Romein

Die tweede persoon na wie Lukas in die kersevangelie verwys is keiser Augustus, die Romeinse gesaghebber. Augustus se mikpunt is om een groot Romeinse wêreldryk op te bou waarin daar rus en vrede heers. Ter wille van sy wêreldryk is hy bereid om enkele toegewings te maak. Die Jode mag in hulle tempel die Here aanbid, solank hulle ook die keiser eer. In die regeertyd van keiser Augustus breek die tydperk van keiseraanbidding aan.

Vanuit sy hoë posisie gee keiser Augustus 'n bevel dat die hele wêreld ingeskryf moet word. 'n Reusagtige sensus word afgekondig. Die doel met die sensus is om die Romeinse ryk beter te kan administreer. En belangriker as dit: die volke in die ryk moet saamgesnoer word. Dit gaan vir keiser Augustus oor die sentralisering van mag. Al die volke moet aan Rome, die hoofstad onderwerp word. Daartoe moet die sensus-opname bydra.

### Cirenius die Siriër

Die sensus-gebod van keiser Augustus gaan uit na al die uithoeke van die uitgestrekte Romeinse ryk. Dit kom ook in Palestina. Goewerneur Cirenius van Sirië hou toesig oor Palestina. Cirenius - die derde persoon na wie Lukas in die kers-evangelie verwys - werk saam met keiser Augustus om sy wêreldryk te vestig. As goewerneur is hy 'n betroubare handlanger van die keiser. Hy voer die bevele van die keiser getrou uit.

### Die koning se hart ...

Koning Herodes, keiser Augustus en goewerneur Cirenius: die drie saam maak 'n goed georkestreerde Verenigde Volkere Organisasie uit. Maar wie stel die agenda vir die VVO op? Agter die bevel van keiser Augustus sit meer as 'n sug

na heerlikheid. Net soos wat daar agter die kindermoord in Betlehem meer skuil as net die blinde woede van koning Herodes. Keiser Augustus se bevel om die hele wêreld te laat inskryf is 'n skuif op Satan se skaakbord. In wese herhaal die geskiedenis homself. Dit is weer soos in die dae na die sondvloed. Toe het die hele wêreld na 'n anti-goddelike eenheid gestrewe. 'n Toring word in Babel gebou as simbool van die strewe. In die dae van Daniël bou koning Nebukadneser van die Babiloniese ryk 'n indrukwekkende beeld - heeltemal van goud. Voor daardie beeld moet al die nasies van die wêreld in aanbidding buig. Nou word die toring en die beeld van Babel opnuut gebou. Dié keer met nuwe krag. Beter georganiseerd.

As die tyd vir die Seun van God aanbreek om as mens op aarde gebore te word, is Satan hard aan die werk. Die konings van die aarde staan gereed teen die Here en teen sy Gesalfde (Psalm 2).

## In die hand van die HERE

Hy wat in die hemel woon lag, die Here spot met hulle. Die hele wêreld buig voor die Romeinse keiser. Juis dan stuur God sy Seun na die wêreld. Juis daardie tyd word deur God almagtig bepaal as die regte tyd vir die menswording van Christus ons Middelaar en Verlosser. God gebruik die bevel van die Romeinse keiser om die Verlosser in Betlehem te laat gebore word, sodat die profesie van Miga vervul sal word. God gebruik die Romeinse vrede en die een wêreldtaal wat in die Romeinse ryk gebesig word om die evangelie van verlossing met krag in die wêreld in te struur.

Alle kanale is gereed. Nou word die Seun van God vlees. Nou het die God-bepaalde tyd vir Hom aangebreek om onder ons te kom woon. Nou breek die klip van Nebukadnesar se droom los. Daardie klip word binnekort 'n rots wat die een groot ryk van die Babiloniese Nebukadnesar en die Romeinse keiser Augustus gaan vernietig. Christus se ryk oorwin alle aardse koninkryke. Die kop van die slang sal vermorsel word.

## Koninklike leiwater

Ons sou die tyd van Christus anders bepaal het: gewis. Kerstyd is 'n donker tyd soos wat ons daarna kyk. Op daardie oomblik is daar geen plek vir Jesus nie. Hoe kan 'n klein seuntjie in 'n krip die stryd wil aansê teen die magtige keiser van Rome? Maar as ons só redeneer, is daar dan ooit 'n geskikte tyd vir Christus se koms in die vlees? En wat van sy wederkoms?

Die almagtige God laat nie op Hom wag nie. Die dae van konings Herodes en goewerneur Cirenius en keiser Augustus is dae van God! Dit is dae waarin Gabriël na Jerusalem en Nasaret gaan. Dae waarin lofsange opklink oor God se groot verlossingswerk. God beheers die wêreldgeskiedenis. Hy lei die waterstrome van die geskiedenis na die eindpunt toe: die dag van afrekening.

Wêreldleiers maak nie die nuus nie. Geheime organisasies agter die skerms ewemin. Hulle voer alleen maar God se ewige raadsplan uit. Met die oog hierop moet kinders van God die Skrif bestudeer. En met die oop Skrif moet ons die nuusgebeure van die dag volg. Langs die weg moet ons ons verantwoordelikheid getroos word. Nie depressief sug oor alles wat verkeerd is nie, maar verlangend bid en werk.

Satan kon Christus se eerste koms nie keer nie. Sy tweede koms is op hande. Dit word ook nie gekeer nie. Die vraag is: sal Christus wel die geloof vind as Hy weer kom?

Ds. G.J. Meijer (Ermelo)

* * *

## OP PAD NA SINODE 2000

### Ratifikasie-plig

Christus vergader sy algemene kerk van plek tot plek. Die kerkraad is volgens Skrif en belydenis die enigste kerklike bestuursliggaam. Die Here bind sy selfstandige plaaslike kerke saam en roep hulle om aan die eenheid in geloof en in kerkverband gestalte te gee. Dit doen gereformeerde kerke deur op vasgestelde tye in meerdere vergaderings byeen te kom. Meerdere vergaderings is nie bestuursliggame, uitgebreide kerkraadsvergaderings of vergaderings van ampsdraers nie, maar byeenkomste van afgevaardigdes van kerkrade. Die afgevaardigdes moet as lashebbers aan die kerkrade, die lasgewers, verantwoording van hulle werksaamhede doen. Hierdie en ander stellings is in die vorige artikels van hierdie reeks aan die Skrif, die belydenis en die kerkorde ontleen.

Afgevaardigdes se verantwoording geskied deur die acta of handelinge wat die meerdere vergadering genotuleer en vasgestel het, aan elke kerkraad binne die betrokke ressort beskikbaar te stel. Die vraag kom na vore: Wat moet die kerkrade met die notules doen?

### Die kerkorde: 'n bindende ooreenkoms

Die selfstandige plaaslike kerke, geroepe tot kerkverband, het saam ooreengekom hoe om die eenheid in geloof in kerkverband te beleef. Hierdie ooreenkoms het hulle skriftelik in die kerkorde vasgelê. Elke kerkraad het die ooreenkoms

aanvaar en belowe om hom daarop toe te lê om die kerkorde te onderhou (KO. art. 86).

Beloftes is bindend. Die Skrif verbied om ja te sê en nee te doen. Wat belowe die kerkrade aan mekaar met betrekking tot die handelinge en besluite van meerdere vergaderings? En bly die kerkrade, terwyl hulle hierdie belofte volbring, die enigste kerklike bestuursliggaam wat die Here ingestel het ? Ons kry antwoorde op hierdie vrae na noukeurige lesing van die kerkorde-artikels 30 en 31.

## Die agenda van meerdere vergaderings

Artikel 30 van die kerkorde beperk die agenda van die meerdere vergadering tot sake "wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie" en "sake wat by die meerdere vergadering tuishoort". Kerkrade kom ooreen: Wat ons in eie kring nie kan afhandel nie, mag ons na die klassis bring. Wat 'n klassis nie kan afhandel nie, mag aan die partikuliere sinode ter afhandeling voorgelê word, ensovoorts. Gee die kerkraad met hierdie ooreenkoms enige regeerbevoegdheid aan die meerdere vergadering? Nee.

Wat is sake wat op die meerdere vergadering tuishoort? Dit is allerlei sake wat die kerke saam tot gemeenskaplike sake maak, soos 'n appel wat teen 'n kerkraadsbesluit by die betrokke klassis ingedien word (art.310, afstigting van kerke en toewysing van lidmate aan die sorg van kerke (art.38,39), toesien as kerke op mekaar en op aanvraag advies gee vir die bestuur van 'n plaaslike kerk (art.41), kerkvisitasie (art.44) ensomeer. Een van die belangrikste en duurste gemeenskaplike sake is die opleiding van die bedienaars van die Woord.

Tas die feit dat kerkrade sekere sake saam in 'n meerdere vergadering behartig, op enige wyse hulle regeerbevoegdheid aan? Of verstrek hulle daarmee regeerbevoegdheid aan die meerdere vergadering? In geen enkele opsig. Daarom kan kerkrade artikel 30 van die kerkorde met vrymoedigheid in diens van die Koning van die kerk onderhou.

## Artikel 31 van die kerkorde

Die eerste sin van artikel 31 van ons huidige kerkorde lui soos volg: "Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde". Die sinsnede "moet as vas en bindend beskou word" is na my mening nie skriftuurlik verantwoordbaar nie. Hierdie sinsnede bevat naamlik twee werkwoorde wat van die oorspronklike teks van die Dordtse kerkorde afwyk. Dit is as sulks nie erg nie. Dit moet egter wel in ernstige lig beskou word, as die nuwe teks nie die deur wat toegang gee tot afdwaling, sorgvuldig toegesluit hou nie.

Die omstrede deel van artikel 31 lui in die oorspronklike Dordste kerkorde as volg: Wat op 'n meerdere vergadering met meerderheid van stemme besluit is, sal as vas en bindend gehou word tensy ..." Altwee werkwoorde is in die nuwe Afrikaanse teks verander: "sal" het "moet" geword en in die plek van "gehou" staan in ons huidige kerkorde "beskou".

## "Moet" of "sal"?

"Moet" is 'n bevel. As 'n kerkraad nie strydigheid met Gods Woord of die kerkorde kan bewys nie, moet hy die besluit van 'n meerdere vergadering sonder meer uitvoer. Kerkrade wat die "moet" in artikel 31 aanvaar, funksioneer nie meer as lasgewer aan afgevaardigdes nie, maar as lashebber van die meerdere vergadering. Kerkrade word deur die "moet" in artikle 31 verplig om met die inagneming van die "tensy" klassis- en sinodebesluite uit te voer asof daardie vergaderings hulle opdraggewers is.

Die rolle word presies omgekeer. Die kerkrade (opdraggewers) kry bevele van die afgevaardigdes. Verantwoording doen aan kerkrade word vervang met opdragte verstrek aan kerkrade. Die "moet" in artikel 31 skenk aan die meerdere vergaderings 'n regeerbevoegdheid wat die Here uitsluitlik aan die kerkrade toevertrou het en is sodoende in stryd met wat ons oor die kerkraad as die enigste bestuursliggaam in Christus se kerk bely (NGB, art. 30).

Die woordjie "sal" in die ou Dordtse kerkorde druk 'n toekomstige tyd uit. Die belofte om te sal "ratifiseer" behels eerstens die toetsing van die besluite wat die meerdere vergaderings geneem het, aan die Skrif en kerkorde. Die opdraggewer aanvaar nie die handelinge van afgevaardigdes sonder om dit eers sorgvuldig aan die Woord en die kerkorde te toets nie. Die kerkorde as die enigste bestuursliggaam in Christus se kerk word deur die woord "sal" in ere gehou.

Die vervanging van die woordjie "sal" met "moet" in art. 31 gee ruimte vir die beskouing van meerdere vergadering as uitgebreide kerkrade met regeerbevoegdheid, vergaderings wat gaandeweg meer as opperkerkrade optree. Die vorige artikel in hierdie reeks het hierdie beskouing as hiërargiese afwyking gekenmerk en afgewys. Om sinodokrasie (heerskappy van sinodes) te weer is dit noodsaaklik dat die kerke die "moet" in artikel 31 skrap en met die ou Dordste "sal" vervang.

## "Beskou" of "gehou"?

Die nuwe artikel 31 bepaal dat besluite van meerdere vergaderings as vas en bindend beskou moet word. Die werkwoord "beskou" het volgens die nuutste uitgawe van die HAT drie betekenisse, namelik goed, met aandag bekyk, oordink of oorweeg en hou vir, aansien vir.

As "beskou" in die laaste betekenis opgevat word, moet die kerkraad elke besluit van enige meerdere vergadering aansien as 'n vas en bindende besluit, tensy hy kan bewys dat so 'n besluit in stryd is met die Skrif of die kerkorde. "Beskou" in die betekenis van "aansien vir" of "hou vir" dwing die kerkrade nog steeds tot uitvoering van besluite wat afgevaardigdes van kerke geneem het, 'n dwang wat hierbo as sinodokrasie afgewys is.

As 'n kerkraad egter "beskou" in die eerste of tweede betekenis van die woord verstaan, ag hy sy plig vervul as hy besluite van meerdere vergaderings goed, aandagtig bekyk of oordink en oorweeg het. Besluite het vir hom slegs die waarde van adviese. So 'n kerkraad bekyk die acta van 'n meerdere vergadering. Hy bêre dit vervolgens in die argief en gaan oor tot die orde van die dag. Hierdie kerkraad lê besluite wat met die oog op uitvoering daarvan geneem word, met beroep op die nuwe artikel 31 langs hom neer, voer dit uit en maak soos hy wil.

Kerkrade wat maak soos hulle wil, ontbind die kerkverband, verbreek die eenheid in geloof met susterskerke. Die tyd van die rigters "herlewe". Elkeen doen wat reg is in sy oë (Rig 21:25). Die Skrif sê: "Planne misluk sonder beraadslaging, maar in die veelheid van raadgewers (byvoorbeeld in 'n meerdere vergadering waarin meer kerke beraadslaag) kom dit tot stand" (Spr 15:22; vgl. 11:14). Kerkrade wat hierdie en dergelike woorde van die Here minag, ag die waarde van die sinodebesluite nie hoër as die papier waarop dit geskryf is nie. Hulle kan maar die vermanende vraag wat die Heilige Gees aan die kerk in Korinthe gestel het, ter harte neem: "Het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom" (1 Kor 14:36)?

Die onafhanklikheidsdrywe van plaaslike kerke is die kwaad van independentisme. Independentisme van kerkrade is konsistoriokrasie (kerkraadsheerskappy). Dit is ook 'n vorm van hiërargie. Sinode- en konsistoriokrasie hiërargie ondermyn die gesag van ons Here Christus oor sy kerk.

Die Dordtse kerkorde bepaal dat besluite van meerdere vergaderings as vas en bindend sal gehou word. Die woord "gehou" sluit die laaste fase van die ratifikasie" in: uitvoering van geldige besluite van meerdere vergaderings. Dit word deur die onderlinge ooreenkoms van die kerke om besluite as vas en bindend te beskou nie gewaarborg nie. Daarom behoort die teks van die Dordtse kerkorde weer aanvaar te word: besluite van meerdere vergaderings sal as vas en bindend (as geldig) gehou word, tensy . . .

## Die ratifikasie-ooreenkoms

In die kerkorde het die kerke met mekaar ooreengekom om besluite van meerdere vergaderings te "ratifiseer". Hulle mag hierdie besluite nie sonder meer uitvoer nie. Wie dit wel doen, ken aan die meerdere vergaderings regeermag toe wat die Here alleen aan die kerkrade toegeken het. Onderwaardering van die kerkraadsgesag laat die kerke verval in die sonde van invoering en eerbiediging van die sinodokrasie.

Die uiterste is dat die kerkrade net kennis neem van die besluite wat hulle afgevaardigdes geneem het. Hulle verval in die kwaad van die independentisme wat die onderlinge afspraak om besluite te ratifiseer as niks ag. Ja, word gesê in die aanvaarding van die kerkorde. Nee, word gedoen deur die belofte wat gegee is, nie na te kom nie. Onderwaardering van die kerkverband laat die kerke verval in die kwaad van die invoering en eerbiediging van konsistoriokrasie.

Onderhouding van die oorspronklike art 31 van die kerkorde vermy die Skilla van die sinodokrasie en die Charibdis van konsistoriokrasie. Dit dien die Christokrasie, die regering van Christus oor sy kerk. Kerke wat aan mekaar belowe dat hulle besluite van meerdere vergaderings as vas en bindend sal hou, aanvaar met hulle belofte 'n opdrag. Beloftes bind. Die ooreenkoms om te ratifiseer behels vir elke kerkraad die ratifikasie-plig. Wat hierdie plig behels, kom in die laaste artikel van hierdie reeks ter sprake.

**Dr. J.G. Meijer** (Pretoria)

* * *

## DIE MERKTEKENS VAN DIE WARE EN VALSE KERK

Die greep van die N.G.B. en ander reformatoriese belydenisskrifte om merktekens vir die ware en valse kerke te konstateer, vind ons van die begin van die kerkgeskiedenis en dogmageskiedenis af. Bellarminus, die teoloog wat die grootste moeite gedoen het om te bewys dat die Roomse kerk die ware kerk is, gee nie minder nie as vyftien merktekens. In die Roomse teologie word daar egter hoofsaaklik op vier merktekens gekonsentreer naamlik die eenheid, die heiligheid, die katolisiteit en die apostolisiteit. Maar let wel: By Rome het

merktekens van die kerk nie dieselfde betekenis as by die Protestante nie. Die Gereformeerdes maak onderskeid tussen die merktekens en eienskappe, maar by Rome word dit geïdentifiseer, bloot omdat die kerk volgens hom self die maatstaf is en nie die Woord nie. In die gereformeerde belydenisskrifte is die Woord ook maatstaf vir die kerk.

## Voortdurende gehoorsaamheid

Die merktekens van die ware en valse kerke wat in artt. 28-29 opgesom word, is nie merktekens van 'n statiese, rustende toestand nie, maar dit is merktekens van Christus se vergaderende, bewarende en voortgaande werk (Sondag 21 HK). Dit word ook toegepas op die voortgaande, gehoorsame, aktiewe daad (coetus) van die gemeente. Dit gaan in hierdie merktekens nie oor wat die ware kerk en valse kerk in sy organisasie of instelling besit nie, maar oor wat daar in die kerk gebeur en wat daar gedoen word. Hierdie merktekens (notae) is: - die suiwer prediking van die evangelie, - die suiwer bediening van die sakramente soos Christus dit ingestel het, - die handhawing van die kerklike tug sodat die sondes gestraf word.

## Eerder gewoonte as toeval

Baie belangrik is die gebruik van die woorde "utatur" (= gebruik) en "obtineat" (=handhaaf, in standhou) in die oorspronklike latynse teks. Dit gaan hier oor 'n gewoonte, 'n reël wat in gebruik is, en nie slegs 'n enkele, ongewone of "toevallige"", insidentele gebeurtenis nie. Om dit prakties te stel: nie so nou en dan 'n suiwer preek of enkele kere wat die sakramente suiwer bedien word nie, maar wat is die voortgaande gebruik?

Die merktekens van die ware kerk is nie slegs dat die kerk God se Woord besit nie, dat die kerk die sakrament besit en dat die tug wel daar bestaan nie, maar of al hierdie dinge suiwer volgens God se Woord bedien word.

Dit kan gebeur en dit gebeur inderdaad, dat die valse kerk ook die Woord besit asook die sakramente en die tug. Besit daarvan is nog nie die finale merktekens nie, maar of Woord, sakramente en tug suiwer bedien word. Die Woord kan byvoorbeeld gebruik word om valse ideologieë te propageer, die sakramente kan bygelowig hanteer word en die tug kan op 'n wêreldse wyse onbybels toegepas word.

## Die merktekens van die valse kerk

Opvallend noem die belydenis in art. 29 die merktekens van die valse kerk, maar nie die merktekens van die "lede" van hierdie kerk nie. By die ware kerk word dit uitdruklik bely: "Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk: ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig, ens".

Hiermee het die belydenis dit uitgespreek dat daar nog kinders van God in die valse kerk kan wees. So het die Reformatore ook bely. Hoe skerp hulle ookal oor die valse Roomse kerk 'n oordeel uitgespreek het - oor die persone as lede van daardie kerk, het hulle dit nie gedoen nie.

## Skrifgesag en kerkgesag

By die valse kerk is die kernpunt weereens die Woord van God: "dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God, ens". Die skeiding is tussen Skrifgesag en kerkgesag. Gehoorsaamheid aan die Woord of ongehoorsaamheid daaraan.

## Een ware christelike kerk

Alles wat oor die kerk in artt. 28-29 van die N.G.B. gesê word, geld vir die een kerk. Hierdie heilige, algemene Christelike kerk mag van sy instituut en sy instituering nooit losgemaak word nie. Omdat die instelling en die opbou van die werklike plaaslike gemeente nou eenmaal tot die essensiële bestaan van die kerk behoort, mag die belydenis in die een ware christelike kerk deur die eeue en oor die hele wêreld nooit vergeet word nie. By die vergadering (congregatio) hoort onlosmaaklik die samekoms. (coetus).

## "Daar staan geskrywe"

Hoe groot die betekenis van die eksistensiële bestaan as werklikheid in die menslike lewe ookal is, die normatiewe krag is en bly altyd: "Daar staan geskrywe". En die Woord met sy dinamiese krag (Rom 1:16) wat nooit van sy werking van die Heilige Gees geskei kan word nie, het die laaste sê oor die waarheid en die valsheid van die kerk. Dit bring ook die finale skeiding tussen die ware kerk en die valse kerk - hier werklik konkreet in my omgewing, in my gemeente.

Die merkteken van die ware kerk is sy aktiewe gehoorsaamheid aan die Woord van God. Die merkteken van die valse kerk is sy aktiewe ongehoorsaamheid aan die Woord van God

Prof. V.E. D'Assonville.

# Grondslae

*van*

# Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

*★ Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

*★ Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

*★ Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ................................................................

Adres:................................................................

................................................................

................................................................

Poskode:..............................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:................................................................

Datum:.............................. Handtekening:..............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a Ds. A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS